# Hoofstuk van die dag: Numeri 33

> *Op bevel van die Here het Moses soos hulle getrek het die name van die kampplekke aangeteken. (vers 2)*

Die opsomming van die reis en kampplekke moes Israel daaraan herinner het dat God gedurende die hele veertig jaar vir hulle

bly sorg het. Daar was egter ook tye waarin hulle ongehoorsaam aan God was, en opstandig en onvergenoeg. Dit het die kampplekke ook vir hulle vertel.
Die reis het ’n begin in Egipte gehad, en eindig in Kanaän. Terugskouend kon hulle sien dat hulle reis nie doelloos was nie, en dit sou vir hulle moed gegee het vir die toekoms, want dieselfde God wat nog die hele tyd voorsien het, gaan saam met hulle Kanaän binne.
As ’n mens op die spore van jou eie reis loop, kan jy baie insig kry in die mens wat jy nou is, en ook hoe die Here jou gevorm het om vandag ’n bruikbare werktuig in sy koninkryk te wees. Dink terug aan gelukkige tye in jou lewe, hoogtepunte waarvan jy kan sê dat die Here vir jou goed was. Maar dink ook aan laagtepunte, dalk van swaarkry, of waar jy die spoor byster geraak het. Ook die kronkels in jou lewenspad kan jou insig gee.
En kyk dan vorentoe met hoop.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026